No. 1570 4 Augustus 1978

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

## VERKLARING VAN DIE ANGLIKAANSE KERK TE CALEDON

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom geleë op Erwe 481 en 482, met die historiese Anglikaanse Kerk daarop, asook die ringmuur, te Caledon, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Erwe 481 en 482, met die historiese Anglikaanse Kerk daarop, en beskryf as sekere stuk vrypaggrond, geleë in die dorp Caledon en groot agt-en-tagtig vierkante roede, een-en-negentig vierkante voet en twee-en-sewentig vierkante duim.

Transportakte 198/1870 (paragraaf 3), gedateer 16 Mei 1870.

*Historiese en argitektoniese belang*

Dié kerkie, van klipwerk gebou en met pragtige gebrandskilderde vensters, is deur Sophie Gray ontwerp. Die fondamentsteen is in 1850 gelê en die kerk is in 1855 deur biskop Gray ingewy. 10/2/583.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1570 4 August 1978

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

## DECLARATION OF THE ANGLICAN CHURCH AT CALEDON

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare the property situated on Erven 481 and 482, with the historic Anglican Church thereon, as well as the ring wall, at Caledon, to be a national monument.

*Description*

Erven 481 and 482, with the historic Anglican Church thereon, and described as certain piece of freehold land situate in the Village of Caledon and measuring eighty-eight square roods, ninety-one square feet and seventy-two square inches.

Deed of Transfer 198/1870 (paragraph 3), dated 16 May 1870.

*Historical and architectural interest*

This stonework church with stained glass windows was designed by Sophie Gray. The foundation stone was laid in 1850 and the church was consecrated in 1855 by Bishop Gray. 10/2/583.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

No. 1571 4 Augustus 1978

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

## VERKLARING VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE SENDINGKERK TE HERTZOG

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese Nederduits Gereformeerde Sendingkerk, met 'n terrein wat aan weerskante en aan die agterkant tot by die heining strek en met 3 meter grond aan die voorkant, te Hertzog, distrik Stockenström, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese Nederduits Gereformeerde Sendingkerk, Hertzog, met 'n terrein wat aan weerskante en aan die agterkant tot by die heining strek en met 3 meter grond aan die voorkant, geleë op sekere eiendomsgrond, geleë in die afdeling Stockenström, in die nedersetting Katrivier, te Tambookievallei, in Lokasie 9 en groot vierhonderd-en-negentig (490) vierkante roede.

Transportakte 9336/1960, gedateer 21 Junie 1960 (paragraaf 8).

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie kerk, waarvan die hoeksteen op 4 Junie 1834 gelê is, is weens die verwoesting wat die Sesde Grensoorlog (1834–1835) meegebring het, eers aan die begin van 1845 voltooi. 10/2/582.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1571 4 August 1978

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

## DECLARATION OF THE DUTCH REFORMED MISSION CHURCH AT HERTZOG

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare the historic Dutch Reformed Mission Church, with an area stretching to the fence on both sides and to hear and with 3 metres of land to the front, at Hertzog, District of Stockenström, to be a national monument.

*Description*

The historic Dutch Reformed Mission Church, Hertzog, with an area stretching to the fence on both sides and to the rear and with 3 metres of land to the front, situate on certain freehold land, situate in the Division of Stockenström, in the Settlement of Kat River, at Tambookievallei, in Location 9 and measuring four hundred and ninety (490) square roods.

Deed of Transfer 9336/1960, dated 21 June 1960 (Paragraph 8).

*Historical and architectural interest*

This church, the cornerstone of which was laid on 4 June 1834, was completed only in the beginning of 1845 owing to the devastation brought about by the Sixth Border War (1834–1835). 10/2/582.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.